Leipie Nuus

17 – 28 SEPTEMBER 2018

Nommer 26/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 17 September

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30 Wedstryd vs L/s Tygerpoort o/12B (tuis)
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Wedstryd o/13 vs Pta-Oos (weg)
Tennis:	Wedstryde seuns oop A1 vs Midstream College, seuns oop A2 vs Monumentpark, seuns oop B2 vs Hennopspark, o/11 seuns A vs Hazeldean, o/11 seuns B1 vs Constantiapark, o/11 seuns C1 vs Wierdapark, o/11 seuns C3 Pta Oos, dogters oop C1 vs Wierdapark, o/11 dogters D2 vs Tygerpoort
Musiekblyspel:	Optrede begin om 18:00
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 18 September

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15 Wedstyde vs L/s Tygerpoort o/13 (weg), o/12 (tuis)
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Tennis:	Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Musiekblyspel:	Optrede begin om 18:00

Wo 19 September

Jnr koor:	Geen oefening res van die kwartaal. Belangrike oefening in laaste kwartaal
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Slagorkes:	Oefening vanaf 13:45-14:30 (musiekklas)
Krieket:	Wedstryd vs L/s Tygerpoort o/9 (weg), o/13B (tuis)
Musiekblyspel:	Optrede begin om 18:00

Do 20 September

Krieket:	Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15 Wedstryde vs L/s Tygerpoort o/10 (tuis), o/11B (weg)
Sagtebal:	Kwarteindrondte
Tennis:	Oefening o/12, o/13 oop seuns, o/11 dogters vanaf 15:15-16:00
Musiekblyspel:	Optrede begin om 18:00

Vr 21 September

Krieket:	Wedstryd vs L/s Tygerpoort o/10B (tuis)

Sa 22 September

Snr Koor:	Sing in Harmonie finaal om 15:00

Ma 24 September

Vakansiedag:	Erfenisdag

Di 25 September

Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Musiekblyspel:	Optrede begin om 18:00

Wo 26 September

Jnr koor:	Geen oefening
Snr koor:	Geen oefening
Slagorkes:	Oefening vanaf 13:45-14:30 (musiekklas)
Voortrekkers:	Dra formele drag
Musiekblyspel:	Dankie sê dag vir musiekblyspel
Musiekblyspel:	Optrede begin om 18:00

Do 27 September

Krieket:	Wedstryde vs L/s Rooihuiskraal o/10 (tuis)
Musiekblyspel:	Optrede begin om 18:00

Vr 28 September

Akademie:	Skool sluit om **10:00.** Heropen 9 Oktober

UIT DIE KANTOOR:
Sterkte aan die Snr koor wat deelneem aan die ***Sing in Harmonie*** finaal.

14 September is die kleedrepetisie vir die Musiekblyspel. Leerders ontvang hul kostuums wat huistoe gestuur word. **NB: Klere sal nie gestuur word indien die volle bedrag van R400-00/R350-00(2de/3de kind) inbetaal is nie.**
Foto's word geneem wat te koop sal wees.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Landloop: Baie geluk aan al die atlete met mooi prestasies tydens die SA's
Tennis: o/11C1 seuns wen vs L/s Swartkop
Krieket: o/10A, o/11A, o/13A wen vs L/s Stephanus Roos.
Sagtebal: o/10-o/13 wen 1ste rondte uitspele. Dring deur na kwarteindrondte.
Radikale Redenaars: Vier van ons leerders dring deur na die Gauteng Finaal: Vian v Breda Redenaars, Hugo Strydom Redenaars, Nina Strydom Lees: Prosa, Lees: Poësie, Reading: Poetry, Paul Strydom Lees: Prosa, Reading: Prose. Vir sy Lees: Poësie dring hy deur na die Nasionale Finaal.
Pretoria Eisteddfod: Vian v Breda- Verse speaking A++, Gedramatiseerde poësie A, Vokaal rolprent A, Hugo Strydom- Poësie A++, Gedramatiseerde poësie A+, Verse speaking A+, Nina Strydom- Poësie A++, Gedramatiseerde poësie A++, Verse speaking A+, Samespraak A+, Vokaal Afrikaans A+, Amé v Breda- Verse speaking A++, Gedramatiseerde prosa A+, Samespraak A+, Vokaal musiekblyspel A+, Paul Strydom- Poësie A++, Gedramatiseerde poësie A++.
Wiskunde: E'duan Kirsten- dring deur na Gauteng Suid Wiskunde uitdaging.
Abacus Wiskunde Streekskompetisie: André Roode- silwer, gaan deelneem aan die Internasionale Abakus Wiskunde kompetisie.
ATKV Redenaars: Danike Korf behaal 'n groot prestasie by die ATKV se redenaarskompetisie. Sy eindig in die Top 10 van die finaal en behaal 'n 6de plek. Sy moes ook 'n onvoorbereide toespraak lewer wat 70% tel.

MUSIEKBLYSPEL:
Musiekblyspel kaartjies steeds elke dag te koop in die kantoor vanaf **7:30-8:30 en weer vanaf 13:00-14:00 (Vrydae tot 13:30).** R100 per sitplek.
Geen huiswerk sal gegee word vanaf 17-28 September.
Vertonings vanaf 17-20, 25-27 September.
Voorsiening is gemaak vir ouers wat die langnaweek weggaan.
Deelnemers moet asb getrou by elke optrede teenwoordig wees. **Deelnemers Gr 1-7 neem elke aand aan vertoning deel.**
Leerders moet asb om **17:45 in hul wagklasse wees, hekke word om 18:00 gesluit.** Vertonings begin stiptelik om **18:00 elke aand.**
Gr 1-3 leerders moet om **18:45 by toesigklasse** afgehaal word. Gr 4-7 leerders neem almal aan die slotlied deel en kan om **19:45** afgehaal word.
Die hek in Pretoriuslaan moet asb gebruik word.
Ouers wat vertonings kom kyk parkeer asb op die rugbyveld.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

30 Oktober 1970 – pawiljoen word gebou. Spreiligte op die veld word ingewy. 1994 word groter spreiligte opgerig.
27 Januarie 1973 – eerste weervaste tennisbane word in gebruik geneem.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

VERLORE GOEDERE:
Ouers en leerders moet asb in die verlore goedere kas op die vierkant kom soek na verlore items. Ons vra ouers om asb **alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk, dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word.** Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie.

PROVINSIALE KLEURE:
Alle leerders wat Gauteng Noord kleure of enige ander provinsiale kleure in enige sport verwerf het, gaan weer as 'n groep afgeneem word. Dansers en gimnaste neem aan SA's deel in Oktober, en almal behoort daarna hul Gauteng Noord klere fisies te hê, daarom word die foto na die vakansie in die 4de kwartaal geneem.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

BELANGRIKE DATUMS:
24 September: Vakansiedag - Erfenisdag
17-20, 25-27 September: Musiekblyspel. Optredes begin **elke aand om 18:00. Gr 1-7 neem elke aand deel.**
26 September: Alle leerders moet asb by die skool wees. Ons gaan dankie sê aan almal vir hul harde werk en optredes tydens die musiekblyspel.

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie. Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word).
By Gr R - 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem. In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

SPORTSAKKE/PETTE:
Daar is weer geleentheid om sportsakke en pette te bestel. Indien u belangstel om te bestel sien asb inligting op die webblad. Inligting kan ook by Ontvangs afgehaal word.

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER